

# DIE BONTPOOTBOSLUIS EN KONGO-KOORS

E. Pieterse

Die gevreesde Kongo-koors en bosluise is al vir die meeste mense sinoniem. Die draer van die siekte is in werklikheid die Bontpootbosluis en dan ook net die spesies *Hyalomma truncatum* of Kleinbontpoot en *H. marginatum rufipes* of Grootbontpoot.

Bontpootbosluise is groot aktiewe bosluise met 'n bruinswart kleur en gelerige ringe om die bene. Daar is drie spesies van belang, naamlik:

Die Kleinbontpoot (*Hyalomma truncatum*) kom voor oor die hele Suid-Afrika behalwe die hoë reënvalgebiede van die Hoëveld, die kusstreke en die winterreënvalgebied. Die skild of boonste borsgedeelte van die Kleinbontpoot is glad.

Die Grootbontpoot (*H. marginatum rufipes*) is wydverspreid in Suid-Afrika met die uitsondering van die kusstreke en die hoë reënvalgebiede van die Hoëveld. Die skild van hierdie spesie is growwer as die van die Kleinbontpoot.

Die Vaalbontpoot (*H. turanicum*) is beperk tot die Karoo en die Suid-Vrystaat. Hulle lyk baie soos die Grootbontpoot, behalwe dat hul bene 'n ligter kleur het.

Die Bontpootbosluis is tweegasheer-bosluise. Die jong stadia, (d.i. die larwes en die nimfe) kom op grondvoëls en hase voor, terwyl die volwassenes op skape, bokke, perde, beeste en soms ook honde voed. Die bosluise sit veral op die kaal dele van die liggaam. By beeste verkies hulle om onder die stert, op die uier en spene, en in die sterkwas te sit.

Die wyfie lê haar 10 000 tot 15 000 eiers in die somer en die larwes broei binne 'n maand uit. Die onvolwasse stadium vreet dan min of meer sewe tot tien dae lank en benodig veertien tot een-en-twintig dae om te vervel. Die volgesuigde nimfe oorleef die winter en dit kan so lank as vyf maande neem voordat hulle vervel. Hulle is aggressiewe parasiete wat aktief na 'n gasheer




Die Bontpootbosluis

soek en is goed teen droogte bestand.

Die volwassenes en larwes kan onderskeidelik tussen 18 en 24 maande en 12 maande sonder kos lewe en eierlegging kan tot agt maande uitgestel word.

In Februarie 1981 is die Kongo-virus die eerste maal in Suid-Afrika, vanaf die bloed van 'n dertienjarige seun geïsoleer. Hy het gesterf nadat hy deur 'n besmette Bontpootbosluis gebyt is. Dié siekte word in der waarheid veroorsaak deur die virus *Rickettsia canori* en word bloot deur die Bontpootbosluis versprei. Die siekte is baie



Die lewenssiklus van die Bontpootbosluis

aansteeklik en persone wat met 'n besmette persoon se bloed in aanraking kom, doen dan gewoonlik ook die siekte op. Kontak met die bloed van besmette diere kan ook tot ernstige infeksie lei en kan selfs fataal wees.

Die inkubasietyd van Kongo-koors is twee tot sewe dae. 'n Persoon wat gebyt is sal na hierdie tydperk skielik siek word en die pasiënt ondervind koors, koue-koors, ernstige spierpyne, braking, rug- en maagpyn. Braking ontstaan tussen die derde en vyfde dag en die vel word pers as gevolg van bloeding. Die tong word ook droog en is dikwels met droë bloed bedek. Aan die begin is die polstempo stadig, maar dit verhoog met toenemende bloeding en die pasiënt se bloeddruk daal. Die lewer vergroot en is gevoelig. Pasiënte wat herstel se koors sal begin daal tussen die tiende en twaalfde dag en bloeding sal stop. In fatale gevalle sal die dood na sewe tot nege dae intree as gevolg van ernstige bloeding en hartversaking.

Sodra 'n persoon deur 'n bosluis gebyt word, moet die bosluis versigtig afgetrek word en in 'n houertjie geplaas word. Die houertjie met die bosluis moet dan deur die persoon na 'n dokter geneem word. Die geneesheer kan dan die korrekte behandeling toepas nadat die bosluis deur 'n patoloog of akaroloog geïdentifiseer is.

Omdat die Bontpootbosluis as nimf 'n verskuilde leefwyse het en die volwassene baie taai is, is dit baie moeilik om hulle te bestry. Die gereelde dip van diere kan egter 'n voorkomingsmaatreël wees.



#### BIBLIOGRAFIE

- GEAR, J.H.S. 1982. Congo-Crimean haemorrhagic fever in South Africa. Report of a fatal case in the Transvaal. *South African Medical Journal*. **62**: 576-680.
- HOOGSTRAAL, H. 1979. The epidemiology of tick-borne Crimean-Congo hemorrhagic fever in Asia, Europe and Africa. *Journal of Medical Entomology*. **15**: 307-147.
- MÖNNIG, H.O. & VELDMAN, F.J. 1981. *Handboek oor Vee-siektes*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.